


**INLEIDING:**

Gee tyd om te hoor hoe dit met almal gaan - wat het God in elkeen se lewe gedoen die afgelope week?

Ons begin met 'n nuwe kort reeks. Geleentheid om sommer te hoor wat by elkeen opkom as hul die tema hoor.

Vandag gesels ons spesifiek oor die idee van *disconnected* wees en leef.
**Hoekom is die tema belangrik?** (Lees die stelling van Rob Bell om die vraag te bespreek)

> *"You cant be connected with God until you're at peace with who you are. If you're still upset that God gave you this body or this life or this family or these circumstances, you will never be able to connect with God in a healthy thriving, sustainable sort of way. YOU'LL BE AT ODDS WITH YOU MAKER."*
> *And if you can't come to terms with who you are and the life you've been given, you'll never be able to accept others and how they were made and the lives they've been given. And until you're at peace with God and those around you, you will continue to struggle with your role on the planet, your part to play in the ongoing creation of the universe.* ***You will continue to struggle and resist and fail to connect."***

○ Lees **Genesis 3:7-24**

- Hoe sien jy die tema van afgesny wees in die gedeelte?
- Vra God steeds die vraag: *"Waar is jy?"*

- Waar en hoe bring die straf van die sondeval gebrokenheid - tussien wie en wat almal?

Ons Sondag gesels oor die woord seks wat sy oorsprong vind in die Latynse woord *secare*.
[To sever, amputate or disconnettion from the whole]
Dis ook die oorsprang van woorde soos seksie, sekte, dissekteer, ens.

<u>Op grond van bg: weer dink oor WAT seksualiteit is?</u>
a.) Wete dat jy afgesny is
b.) Elke manier wat jy probeer *reconnect* met wêreld, mekaar, God!

- Wat is maniere hoe jy probeer om hierdie disconnection in jou lewe te herstel?
  - Help dit?
- Watse leuens glo jy wat lei tot verkeerde plekke van *reconnect*?
  - Julle kan voorbeelde deel van waarmee elkeen stoei bv Ek het 'n ongesonde verhouding met:
    - Seks
    - Drank
    - Kos
    - Shopping
    - Sny
    - Pornografie

Hoe verstaan jy die feit dat jou identiteit 'n samestelling is van jou seksualiteit en spiritualiteit?

IDENTITEIT = SEKSUALITEIT + SPIRITUALITEIT

○ Leef ons ook met die ingesteldheid waar van Paulus praat in **1 Korintiërs 6:13**:

*13Hulle sê ook:*
*“Kos is vir die maag,*
*en die maag vir kos.”*

- Hoe help dit jou om iets van jou menslike kondisie te verstaan op die manier?
- Hoe dink jy dan nuut oor wat Jesus kom doen het?

[lees die tekste om die vraag te beantwoord]

**Hebreërs 2:10**

*God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie as sy kinders tot heerlikheid lei. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring.*

**Kolossense 1:19-20**

*19God het besluit*
*om met sy volle wese in Hom te woon*
*20en om deur Hom alles*
***met Homself te versoen**.*
*Deur die bloed van sy Seun aan die kruis*
*het Hy die **vrede herstel,***
*deur Hom het Hy alles op die aarde*
*en in die hemel **met Homself versoen**.*

Jesus kom herstel en verander ons geestelike posisie. Na die sondeval is ons afgesny - nou maak Hy dit moontlik om weer naby God te leef op ’n persoonlike manier.

Seksualiteit is al die maniere wat ons probeer *connect* - die probleem is niks anders kan ware konneksie bring nie - Jesus is die *adaptor* waardeur ons weer tot God kan *connect*.

Bespreek die gedagte:

Leef jy vanuit jou menslike kondisie?
Of leef jy vanuit jou geestelike posisie (in Christus)?

○ **Na die gesprek:**

- Wat wil jy anders doen?
- Is skaam en vrees die rede hoekom jy nie binne jou gemeenskap jou eie stryd in die lig bring nie?
- Hoe kan julle vir mekaar 'n plek van weer konneksie vind wees?

***"Aloneness can lead to loneliness. God's preventative for loneliness is intimacy – meaningful, open, sharing relationships with one another. In Christ we have the capacity for the fulfilling sense of belonging which comes from intimate fellowship with God and with other believers."***
(Neil T. Anderson)